Ouerbrief 1 /2025 20 Januarie 2025

Beste Ouers / Voogde

Welkom terug by Primêre Skool Parys vir 'n splinternuwe skooljaar, ons is opgewonde om julle weer hier te hê! Die jaar beloof om vol nuwe geleenthede, uitdagings en avonture te wees. Laat ons hierdie jaar begin met die woorde van Nelson Mandela: *"Onderwys is die krag wat die wêreld kan verander."* Ons is dankbaar dat ons saam die pad van groei, leer en sukses gaan stap.

1. **Kantoorure**
   Neem kennis dat die algemene kantoor oop is vanaf **Maandag tot Vrydag**, **07:30 - 14:00**.

2. **Skooltye**
   Die skool begin daagliks om 07:30. Die klasse verdaag om 13:00 vir graad 1 en 2 en om 13:30 vir graad 3 tot 7. Verseker asseblief dat ons leerders **betyds** is vir skool. Veiligheidsonthalwe – Maak asseblief seker dat u kinders nie te vroeg by die skool afgelaai word nie. Daar is nie toesig voor 07:00 nie.

3. **Kommunikasie**
   Deeglike kommunikasie is vir ons baie belangrik. Neem kennis van die volgende kanale wat deur die skool gebruik word:
   - **Facebook**:https://www.facebook.com/parysprimer
   - **WhatsApp (Gr. R - 7**): Daar is klas- en graadgroepe. Doen navraag by personeel indien u nie deel van die groep/e is nie.
   - **Webblad**: https://prim.parys.co.za/

4. **Oueraand**
   Die eerste oueraand vind **Woensdag, 22 Januarie**, tussen **16:00 tot 18:00** plaas. Hou u kind se WhatsApp-groep dop vir akkurate tye en reëlings. Maak asseblief van die geleentheid gebruik om u kind se klas- / vakonderwyser te ontmoet en uitdagings onder hul aandag te bring. Indien die tydgleuf u nie pas nie, maak deur die kantoor of **per e-pos** 'n ander afspraak met die onderwyser.

5. **Afwesighede**
   Gereelde en onnodige afwesighede plaas onnodige druk op beide die huishouding as die skool en onderwysers. Leerders moet later opvang met agterstallige klaswerk en assesserings. Waar moontlik, vra ons dat leerders nie onnodig tuis sal bly nie en **dat dokters- en ander afsprake nie binne skoolure gemaak word nie**.
   Kommunikeer asseblief afwesighede met die klasonderwyser, of die algemene kantoor. **Leerders wat afwesig is vir formele assesserings, MOET 'n mediese sertifikaat inhandig.** Indien nie, sal die leerder nul vir die assessering ontvang.

6. **Klerebank**
   Daar is 'n baie groot behoefte aan tweedehandse skoolklere in ons gemeenskap. Skoolklere wat nog in 'n bruikbare toestand is, kan by die algemene kantoor afgegee word.

7. **Kontakbesonderhede van ouers / voogde**
   Verseker asseblief dat die **ouer- en leerderinligting en kontakbesonderhede, op datum korrek is**. Dateer asseblief selfoonnommers, e-pos adresse en woonadres op, wanneer dit verander, by die klasonderwyser/admin. kantoor. In geval van nood kontak ons die ouers volgens die inligting op ons sisteem. **Ons ondervind gereeld dat leerders nie hul ouers se selfoonnommers ken nie. LEER DIT ASSEBLIEF VIR HULLE.** Maak seker dat, veral by die kleintjies, u nommers in hul huiswerkboeke of tasse aangeteken is.

8. **Kleursport**

Ons wil graag u aandag vestig op die skool se Kleursport, wat 27 Januarie (middag) en 28 Januarie (oggend) plaasvind. Hierdie is 'n opwindende geleentheid vir ons leerders om hul sportvaardighede te wys en te deel in 'n gesonde mededingende omgewing.

Ons moedig u aan om u kind aan te moedig om aan die Kleursport deel te neem. Dit is nie net 'n kans vir leerders om hul vaardighede te verbeter nie, maar ook om as 'n span saam te werk en lekker te leer.
Ouers is ook welkom om die geleentheid by te woon en saam die prestasies van ons leerders te vier. Kom ondersteun die skool en maak van hierdie dag iets besonders!

9. **Gedragskode vir leerders**

Goeie dissipline is direk afhanklik van die perke wat deur aanvaarbare gedrag gestel word. Primêre Skool Parys se gedragskode is gebaseer op die bevordering van 'n kultuur van wedersydse respek in 'n ordelike, skoon en veilige omgewing. Na deeglike ondersoek en oorweging het die bestuursliggaam besluit om 'n verbeterde meriete- en demerietestelsel in te voer. Hierdie stelsel is ontwerp om die gedrag van ons leerders beter te monitor en positiewe gedrag aan te moedig, terwyl daar ook 'n duidelike raamwerk is om negatiewe gedrag aan te spreek.

Ons vra dat u saam met u kind die verkorte gedragskode en die Dt- en Kt-stelsel se uitdeelstuk deurwerk. Hierdie dokumente sal verduidelik hoe die nuwe stelsel werk, wat die verwagtinge is, en hoe die stelsel die gedrag van leerders op 'n regverdig en konsekwente wyse sal evalueer. (Die volledige dokument is op ons webblad beskikbaar.)

Na die lees van die dokumente, vra ons dat u die afskeurstrokie onderteken en dit aan die skool terugbesorg. Hierdie aksie sal bevestig dat u die inhoud gelees het en dat u die nuwe stelsel verstaan.

Ons waardeer u samewerking in hierdie proses, want dit sal help om 'n positiewe leeromgewing vir al ons leerders te skep.

Mag dit 'n jaar wees van ontdekking, samewerking en wonderlike prestasies.
Dankie vir julle voortdurende ondersteuning.

Vriendelike groete,
Die Onderwysspan

Ribberink

AE RIBBERINK
WAARNEMENDE SKOOLHOOF